# JEUG ALPHA Sessie 2: Wie is Jesus?

## 1. <u>PRAISE AND WORSHIP</u>

## 2. <u>YSBREKER</u>: Famous people PPT

- Gooi die PowerPoint met die ‘famous people’ op die bord en kyk of die kinders weet wie dit is, daar is ook ‘n ‘prentjie’ van Jesus by.
- Die kinders moet sê wat hulle van elkeen weet.

## 3. <u>PROCESS YSBREKER</u>:

- Oor watter van die ‘famous people’ het hulle die meeste geweet? Jesus.

## 4. <u>INLEIDING</u>:

Vanaand gaan ons bietjie gesels oor Wie Jesus is. Wanneer ons oor Jesus praat, praat ons gewoonlik oor wat Hy vir ons kom DOEN het, maar ons staan eintlik baie min stil by wie Hy is. Baie van julle sal dit reeds weet, maar vir van julle sal dit nuut wees, maar Jesus is so belangrik dat ons regtig moet WEET wie Hy is voordat ons by die res kan uitkom.

## 5. <u>VIDEO CLIP</u>:

**<u>Vrae tydens die video clip</u>**:
(hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groepe beantwoord)

**<u>Vraag 1</u>**: What would you want to be famous for?
*(Waarvoor sal jy beroemd wil wees?)*

**<u>Vraag 2</u>**: Why do you think Jesus is so famous?
*(Hoekom dink jy is Jesus so bekend?)*

- Waarvoor is Jesus die bekendste?
- Wat staan vir jou die meeste uit rondom die lewe van Jesus?

**<u>Vraag 3</u>**: *Who do people think Jesus is*?
*(Wie dink mense is Jesus?)*

- Wat dink jy van dit wat Jesus gesê en geleer het?
- Hoe dink jy moes dit gewees het om by Jesus te kon wees?

## 6. <u>OPSOMMING</u>: Kom ons som gou die belangrikste op wat gesê is:

- Hoe mense op Jesus reageer hang af van wie hulle dink of glo Hy is:

- As jy dink/glo dat Hy ‘n fake en ‘n fraud is, en dat Hy nie regtig is wie Hy sê Hy is nie, gaan jy Hom ignoreer en nie tyd aan Hom spandeer nie.

- As jy glo dat Hy ‘n goeie onderwyser en filosoof is, en dat jy iets uit sy ‘teachings’ kan leer, gaan jy dalk bietjies daarvan in jou lewe toepas, maar die res vergeet.

- As jy glo dat Jesus is wie Hy sê Hy is:

- die Enigste Seun van God, en dat Hy die hele wêreld in Sy hande hou,
- dat Hy die mag het om lewe te gee, en lewe te neem,
- dat Hy kan oordeel en vergewe,
- dat Hy kan straf en kan beloon
- as dit is wat JY glo, dan maak dit sin om Hom te aanbid en vir Hom te lewe.

- SO, die GROOT vraag vanaand is wie glo JY is Jesus??? Want dit gaan grootliks bepaal wat jy met Hom gaan maak!!

  ***Joh 11:25-26***: 'Ek is die opstanding en die lewe, wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook, en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?'

## 7. PRENTJIE VAN JESUS:

Kom ons gaan ondersoek Jesus vanaand, en kyk wie Hy is, en wat Hy oor homself gesê het. Kyk hoeveel tyd julle het, en by watter julle kan uitkom.

### Antwoorde:

| **Vraag 1:Joh 6:35** | | **Hy is die Brood van die lewe** |
|---|---|---|
| 1.1 | Wat beteken dit? | Soos mens kos – brood – nodig het om te lewe, so het ons Jesus nodig om geestelik te kan 'lewe' m.a.w Hy is noodsaaklik vir ons om geestlik te kan lewe |
| 1.2 | Wat beteken dit vir MY? | Ek kan nie sonder Jesus in my lewe nie – sonder Hom sal ek geestlik doodgaan. |
| **Vraag 2: Joh 8:12** | | **Hy is die Lig vir die wêreld** |
| 2.1 | Wat beteken dit? | Lig is baie belangrik vir lewe – daarsonder kan plante, diere nie lewe nie, en mense nie sien nie. So as Jesus sê Hy is die lig vir die wêreld beteken dit, dat ons Hom nodig het om te lewe, maar ook om te kan 'sien'. Lig skyn in die donkerte en maak dat jy die mooi en die lelik kan sien, maar ook die waarheid en die leuen |
| 2.2 | Wat beteken dit vir MY? | Ek sal die leuens van satan kan leer ken, want Jesus se lig sal dit vir my kom uitwys |

| **Vraag 3: Joh 11:25-26** | | **Hy is die Opstanding en die lewe** |
|---|---|---|
| 3.1 | Wat beteken dit? | Jesus gee lewe – sonder Hom is daar geen lewe nie! |
| 3.2 | Wat beteken dit vir MY? | Ek kan vir ewig saam met Jesus in die hemel bly |
| **Vraag 4: Joh 14:6** | | **Hy is die Weg, die Waarheid en die lewe** |
| 4.1 | Wat beteken dit? | Daar is geen ander manier om by God uit te kom as deur Jesus nie. As ek nie my lewe regmaak, en my lewe vir Jesus gee en vir HOM alleen lewe nie, kan ek nie eendag saam met Jesus, by God in die hemel wees nie! |
| 4.2 | Wat beteken dit vir MY? | Dat as ek nog nie my saak met Jesus reggemaak het nie, ek in die moeilkheid is |

| **Vraag 5: Mark 2:5** | | **Hy kan sondes vergewe** |
|---|---|---|
| 5.1 | Wat beteken dit? | NET Jesus kan sondes vergewe, nie 'n mens nie – want net God alleen kan sondes vergewe |
| 5.2 | Wat beteken dit vir MY? | Ek kan na God toe gaan met alles wat ek verkeerd gedoen het, en Hy SAL my daarvoor vergewe, want dis wat Hy in Sy Woord sê |
| **Vraag 6: Matt 25:21-32, 40,45** | | **Hy gaan die wêreld oordeel** |

| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Wat beteken dit? | Dat daar 'n dag gaan kom wanneer alles wat ek hier op aarde gedoen het, geoordeel sal word deur God |
| 6.2 | Wat beteken dit vir MY? | As ek aan Jesus behoort – dan word ek nie geoordeel nie, want dan het Jesus se bloed my kom skoon was en kyk God na my asof ek nooit sonde gedoen het nie.<br>As ek nie aan Jesus behoort nie – dan sal ek geoordeel word, en die straf vir wat ek verkeerd gedoen het gaan die ewige hel wees. |

**VRAE**:

1. Wat maak JY van dit wat Jesus oor Homself sê?
2. Watter soort bewyse sal jou oortuig om dit te glo?
3. Is Jesus 'real' vir jou – of is Hy net 'n karakter uit 'n baie ou boek?
4. Glo JY dat Jesus is wie Hy sê Hy is?
5. Het jy al op die punt in jou lewe gekom waar jy WEET jy wil jou lewe in Jesus se hande sit?

## 8. SLUIT AF MET GEBED